NUUSBRIEF NR 1/2015

Geagte Lede

Vanaf ons President:

Te midde van ongekende hitte en droogte toestaande oor groot gedeeltes van ons land wil ek u verseker dat die Raad en Personeel met groot ywer en entoesiasme die jaar aangepak het. Verskeie gesprekke en onderhoude is reeds gevoer met onder andere die Landboupers, wetenskaplikes by die LNR en Vrystaat Universiteit. Die jaarlikse Beoordelaarskonferensie is reeds afgehandel en gedurende die week van 23 Februarie het die Raad vergader, die LRF asook die Rasverbeterings Forum. Meer oor al die aktiwiteite word volledig gedek verder in die Nuusbrief

Belangrike Datums:

- *Inligtings-/Streeksvergaderings:*
  Ten einde te verseker dat almal ten volle ingelig is met die onderskeie aksies asook om lede die geleentheid te bied om elk sy mening oor te dra word die volgende vergaderings gereël. Dit is ‘n lid se eie keuse om te besluit waar hy/sy wil bywoon. Bevestig asseblief met Karin by die kantoor vroegtydig u bywoning.

  Vryburg: 24 Maart 11:00 Brahman klubhuis, Skougronde

  Pretoria: 9 April 11:00 Moet “venue” bevestig

  Bergville: 8 Mei 11:00 Damview, Bergville

- Pretoriaskou en Algemene Jaarvergadering:
  ‘n Groot poging word deur die organiseerders gemaak om ‘n sukses van Pretoriaskou te maak
  Skou: 24-28 Augustus

  Algemene Jaarvergadering: Donderdag 27 Augustus 14:00

Brahman Cattle Breeders’ Society of SA
Tel: 051 446 4619 | Fax: 051 446 3148 | E-mail: info@brahman.co.za | Website: www.brahman.co.za

- *Brahman Week:*
  Brahman promosie week sal plaasvind 21-26 September 2015 by die Afri-Dome in Parys.

  Skou Halter en Nie-Halter: 23-25 September

  Presidents Dinee en semen veiling: 25 September

  Nasionale Veiling: 26 September 11:00

Regs- en Etiek komitee:

Regs- en Etiek komitee het sedert die Algemene Jaarvergadering, verskeie Regs- en Etiek aangeleenthede hanteer en afgehandel.

Die Regskomitee is teenswoordig in die proses om moontlike wysigings aan die konstitusie te ondersoek en sal voorstelle in die verband aan die Raad verwys word vir oorweging en aanbeveling.

Die Raad is alreeds ingelig deur P.G. Lüneburg dat hy nie vir ‘n verdere termyn beskikbaar sal wees nie en word daar ‘n dringende beroep gedoen op lede om tydens die komende Algemene Jaarvergadering ‘n toepaslike persoon vir die Raad te oorweeg sodat die werksaamhede van die Regs- en Etiek komitee voortgesit kan word.

Rasverbetering / Breed Improvement:

Oorsig van Rasverbetering aktiwiteite: / Overview of breed improvement activities:

These are exciting times as Breedplan and the International forum open new doors – and the Brahman is well placed to tap into this work – as science finds the answers to our breeds’ few shortcomings.

In an effort to keep your breed on top of the beef production chain the Breed Improvement Committee has to be both vigilant and insightful, protective of the old that made a positive contribution – and mindful of the changes that have to be made, in an effort to continually add value to your cattle.

So we looked at the basics first – things like fertility, Sire verification and re-visiting frame scores. Completeness of performance (performance testing) has taken on a new and very important dynamic and will be dealt with at the Road Show Meetings organized by your council in the next few months. PLEASE ATTEND.

After much deliberation your council has decided to commit to the International Genomics Program. Here, important subjects e.g.

Temperament, net feed intake, tenderness and fertility will be scientifically determined. If we can add the above to our cattle we will be able to offer the market a more complete product.

The Government will contribute 10 Million Rand to the project over the next three years. The funds will be managed by the ARC and distributed amongst the participating Breeds

This will also be discussed at the Road Show in your area. PLEASE ATTEND.

LRF- Breedplan/Herdmaster:

Die LRF in samewerking met Breedplan en Herdmaster het 'n volledige handleiding saamgestel en sal versprei word na ons Telers met die volgende joernaal in April.

Die handleiding "Dienslewering aan die bedryf" is 'n volledige opsomming van die onderskeie dienste beskikbaar op die Breedplan en Herdmaster stelsel.

Hierdie is 'n waardevolle dokument en moet bewaar word vir gereelde verwysing.

Opleiding/Training:

Breed inspectors have been allocated to the respective regions and the breeders can now use these inspectors to help them in their herds. The objective is to equip the member to eventually do his herd himself. Inspectors will help the breeders in the following areas:

a) Work through farm report
b) Encourage performance testing and explain the need (completeness of performance)
c) Do practical inspection on animals 12 – 24 months with new inspection chart and older animals if breeder requests.
d) Help with selection of bulls and heifers within his own herd.
e) Explain type of animal the Society and market is striving for.
f) Encourage breeders to slaughter animals that are inspected as culls and are cancelled as registered animals.

RAS ADVISEURS / BREED INSPECTORS – STREKE / REGIONS:

OOS- KAAP/EASTERN CAPE		**VRYSTAAT/FREE-STATE**	
Wayne Porter	082 821 9379	Burnie Staal	082 463 0358
Miles Dicke	084 589 3174	Andries Marx	082 859 5896
		Pieter de Bruin	082 300 7015
NOORD-KAAP/NORTHERN CAPE		**LIMPOPO/BOTSWANA**	
Jan Bosman	082 807 9230	L Labuschagne	082 579 5479
Heinrich Bruwer	079 506 8198	Corrie Labuschagne	082 820 4710
Lubbe Jacobs	082 610 7491	Rowland Munger	0026771 303050
Jan van Zyl	082 944 0500		
NOORD-WES/NORTHERN WEST		**MPUMALANGA**	
Tok Serfontein	082 788 5918	James Prinsloo	082 781 4135
Louis Meyer	082 925 3829	Jannes Drotsky	082 926 5328
Jaco Mare	082 388 4294	Sietse Smit	083 712 9965
Stefan Serfontein	082 788 5958		
Hennie Jacobs	082 890 9496		

NATAL/KZN

Ting Braithwaite 082 809 6338
Brett-Watt Pringle 082 457 5149

1. Cost are for the breeders account and are as follows:
   R3.00/km R500/day

Skoue:

Die Genootskap is betrokke by twee belangrike skoue naamlik:
Pretoria Skou (24–29 Augustus 2015) en sal oudergewoonte gepaard gaan met die Algemene Jaarvergadering.

Die Brahman Week te Parys, Afri-Dome gaan aangebied word vanaf 21–26 September 2015. Die skou sal haltermak sowel as nie-haltermak diere insluit om vir almal ‘n kans te gee om deel te neem. Die Nasionale Veiling en Presidentsdinee gaan ook in hierdie week plaasvind. ‘n Spesiale semenveiling word in die vooruitsig gestel om kostes te bekamp.

Skoue is seker een van die beste bemarkingsmetodes om u kudde bekend te stel en te adverteer. Daar word ‘n beroep op lede gedoen om skoue so ver as moontlik te ondersteun.

Vir verdere inligting oor skoudatums, Beoordelaars toegeken aan skou, skouklasse en Beoordelaarsbeleid, raadpleeg www.brahman.co.za of kontak Stephan Coetzee (083 384 3675)

Skoudrag:

Die Promosie komitee is in die proses om die beeld en advertensie veldtog van die Genootskap en die Ras te finaliseer. Dit sluit ook in skoudrag. As ‘n tussentydse maatreël om eenvormigheid te verseker is die drag vir touleiers as volg:

1. Johnson’s blou 2-stuk oorpak met ‘n geel T hemp en blou tuigie (Geen logo word op die oorpakke vertoon nie).
2. Lede kan die oorpakke by lokale koöperasie koop.

Indien daar wel vertoners is by ‘n betrokke skou wat vooraf vasgestel het dat almal nog beskik oor ‘n standaard drag soos bv. Die Wêreldkongres drag, kontak asseblief Stephan Coetzee of Corrie Labuschagne om die nodige bevestiging te verkry

Veilings:

Skoue en Veilings uitslae: Ons maak ‘n beroep op die telers wat betrokke is met skoue en veilings om seker te maak dat die inligting na die kantore gestuur word vir verwerking en vir kwalifisering van toekennings m.b.t. die Presidentsdinee.

Nasionale Veiling:

Die Nasionale Veiling moet die beste Brahmane in die bedryf weerspieël. Streng seleksie van diere sal gehandhaaf word ten alle tye.

Simon Hughes van SHM Afslaers is as afslaer vir die Nasionale Veiling aangestel wat die diere aanvanklik op die plase sal keur.

Wayne Porter, as Voorsitter van die Opleidingskomitee, het opdrag vanaf die Raad en Opleidingskomitee om die voortreflikheid van die aanbieding te verseker en het die mandaat vir finale keuring alvorens ‘n dier in die ring toegelaat sal word.

Werkswinkel:

‘n Twee dae werkswinkel gaan by R10 Brahmane, Eiland Road, Letsitele aangebied word op 9 en 10 Junie 2015.

Verblyf word gereël by Eiland Warmwaterbron, sodat die vrouens en kinders wat nie deel wil wees van die werkswinkel nie, vakansie kan hou by die gesogte Warmwaterbron.

Die twee dae beloof om u as teler te veryk en te bemagtig in die belegging wat u in Brahmane gemaak het.

Vir verdere inligting en volledige program raadpleeg www.brahman.co.za of kontak Corrie/Llewellyn Labuschagne

Finansies, Administrasie en Personeel:

The finances of the Society is still healthy and the 2014/2015 financial year should end on a positive note.

Membership fees and levies will remain unchanged for 2015 accounting period.

A decision was made that no calf will be accepted for first time registration that is older than 15 months, irrespective of reason.

A system glitch made it possible to reinstate animals from a commercial herd without raising an associated cost invoice. This error was rectified and any reinstatement transactions will henceforth be subject to the applicable fee structure as approved by the society from time to time.

The Finance Committee appeals to all members to commit and adhere to their financial obligations towards the society. Our financials are balanced on a knives edge and any deviations have a great impact on services provided.

Please contact Willem Verhoef with all aspects relating to finance and administration.

Personeel:
Ons wil u verseker van ons goeie en flinke diens ten alle tye. Ons nooi u weereens uit na ons kantore om u vergaderings hier te kom hou en mede-telers te ontmoet vir ‘n lekker koppie koffie.

Promosie:

Die Promosiekomitee het na deeglike ondersoek en oorweging gevoel dat die bemarking en promosie van die Brahmanras steeds tekort skiet en dat daar aandag gegee moet word aan die algemene promosie en bemarking van ons wonderlike ras. Tot dusver ry ons op die rug van die sterk eienskappe van die ras, wat hom eintlik self bemark. Derhalwe moet ons nuwe denke hê om ons ras verder te bevorder en te promoveer.

Na vele gesprekke en dinkskrums deur lede van die promosiekomitee, raadslede, telers en professore aan die Universiteit van die Vrystaat, asook die Landbouweekblad, Farmers Weekly en Veeplaas, het ons besluit om ons bestaande strategie en aanslag heeltemal te verander. Die hoofdoel van die

veranderings is om die ekonomiese waarde van die ras te verbeter en uit te brei om sodoende vir elke teler meer waarde toe te voeg.

Besluite wat geneem is, is opsommend die volgende: (Detail sal tydens die president se besoeke aan die verskillende streke breër verduidelik word)

Besluit op temas:
Daar is besluit om op sekere sterk eienskappe van die ras te fokus en dit dan as tema te gebruik in ons bemarking en advertensieveldtogte. Advertensies sal gestandardiseer word met die fokus op die spesifieke temas. Detail oor die temas sal later aan telers gekommunikeer word.

Navorsing:
Daar is 'n span saamgestel wat die nodige navorsing gaan doen om die behoeftes in die mark te bepaal. Die navorsing sal gefokus wees op stoet-, kommersiële telers en voerkrale wat positief is oor die ras en waarom hulle positief is. Asook diegene wat negatief oor die ras is en waarom hulle negatief is. Aandag sal dan geskenk word aan diegene met negatiewe persepsies en dit sal aangespreek word om die teendeel te bewys.

Promosie en bemarking:
Daar word ook ernstig gekyk na die algemene promosie soos brosjure, baniere, klere, plakkers ens. Ons moet drasties ons bemarkingsveldtogte opskerp om die Brahman meer sigbaar vir die groter publiek te maak en sodoende die nodige "namedropping" te doen met 'n groot bemarkingsveldtog.

Joernaal:
Daar is ook besluit om ons strategie rondom die joernaal te verander. Ons gaan ons joernaaluitgawes verminder en eerder 'n mooi, netjiese, duursame, glansblad-joernaal, een maal per jaar uitgee. Verder onderhandel ons met Nasionale uitgewers om te help met die vespreiding van bylaes. Hierdeur gaan ons nie net ons 500 Brahmantelers bereik nie, maar gaan ons hierdeur 50 000 plus meer buite-mense/telers/lesers bereik en nie net ons bestaande Brahmantelers nie.

Ons is dus baie opgewonde om u in te lig dat daar baie gaan gebeur gedurende die jaar en ons glo dat alle telers gaan voordeel trek uit die nuwe inisiatief. Weens die druk op die ekonomie en die Landbou en so ook in die stoetbedryf moet ons nuwe planne maak om ons telers te help om meer ekonomiese waarde uit die stoetbedryf te kry. Ons glo dat u as teler waarde uit die nuwe inisiatief sal put.

Meer detail volg later en ons sal alle telers op hoogte hou. Indien enige navrae oor Promosie, is u welkom om met Willem Barnard in verbinding te tree.

Vriendelike groete.

Wessel Hattingh